
# 2 TIMOTEUS 1



Paulus skryf ‘n brief uit die tronk aan Timoteus om hom te bemoedig in swaar tye.  Terwyl Paulus die toppunt van swaarkry as ‘n gevangene beleef, praat hy hier van ‘n ander tipe lyding.  Die lyding van teleurstelling, ondankbaarheid, geen waardering, teenkanting, verwerping.

Lees **2 Timoteus 1.**

Lees nou ook **2 Timoteus 3:1-5.**  Waar het jy dalk al onlangs met hierdie tipe gedrag te doen gehad?  Hoe beleef jy persoonlik teenkanting of minagting vir die regte en goeie dinge doen?  Hoe hanteer jy dit?



'n Mens raak moeg om altyd goed te doen en jouself uit te giet, veral as jy niks terug ontvang of misbruik word.  Ons is geneig om bitter, kwaad, wantrouig of afgesonder te raak.

Paulus herinner Timoteus om nie op te gee nie.  Om nie terug te deins en verbitterd te raak nie.  Ons moet uithou en aanhou om die seën en oorwinningskroon van Christus te kan ervaar.  As jy opgee, gaan jy NET die swaarkry beleef, maar as jy daardeur voortbeur, gaan jy die beloning van God ontvang.

Lees **2 Timoteus 1:8**.  Wat beteken dit vir jou?

# 2 TIMOTEUS 1:8

'Jy moenie skaam wees om die boodskap van die Here te verkondig nie; en moet jou ook nie skaam vir my wat om sy ontwil 'n gevangene is nie. ***Inteendeel, dra jou deel van die ontberings vir die evangelie met die krag wat God jou gee.*** '

Hoe hanteer ek teleurstelling en teenkanting teen my goeie bedoelings:  DRA JOU DEEL VAN DIE ONTBERINGS VIR DIE EVANGELIE MET DIE KRAG WAT GOD JOU GEE.

Paulus moedig Timoteus aan om nie die vlam en die vuur te blus nie, maar dit aan die gang te hou.

**Hoe het persoonlike, emosionele swaarkry jou al laat groei?** In die vuuroond van swaarkry, gebruik God slegte situasies om iets nuuts te maak.  Ontberings bring ons nader aan God, verander ons, maar is bowenal 'n getuienis van hoop vir ander om ons.  Dís wat Timoteus moes leer – dit gaan nie net oor ons nie!



# 1 PETRUS 1:6-7

"Verheug julle hieroor, selfs al is dit nodig dat julle 'n kort tydjie bedroef gemaak word deur allerande beproewings sodat die egtheid van julle geloof getoets kan word. Julle geloof is baie kosbaarder as goud, goud wat vergaan. Selfs die suiwerheid van goud word met vuur getoets, en die egtheid van julle geloof moet ook getoets word, sodat dit lof en heerlikheid en eer waardig mag wees by die wederkoms van Jesus Christus.



# MERK VAN SWAARKRY BIND ONS AS CHRISTENE

Dis hoe ons opstaan van swaarkry en teleurstelling en aanhou wat ons anders maak as ander.  Ons mag nie opgee op die goeie nuus en die evangelie nie.  Ons moet aanhou ten spyte en deur swaarkry en ontberings.

Dink aan Jesus se kruisiging.

*Hoe het Hy beledigings, teenkanting en ondankbaarheid hanteer?*

*Wat sou gebeur het as Jesus opgegee het of handdoek ingegooi het?*

Jesus se swaarkry het liefde, genade en vergifnis vir elkeen van ons bewerkstellig en daarom mag ons ook nie opgee nie.



In Lukas 17 lees ons van tien melaatse mans wat deur Jesus genees is en weer hoop op lewe gekry het.  Na afloop van hierdie wonderwerk, het slegs EEN teruggedraai om dankie te sê.  NEGE het eenvoudig aangegaan met hul lewe asof niks gebeur het nie.

*Spreek jy jou waardering uit teenoor jou naastes?*

*Maar bowenal, betoon ons dankbaarheid aan Christus vir wat Hy aan kruis vir ons vermag het?*

Dalk is ons ook selfsugtig om te dink die lof kom ons toe, terwyl ons Jesus se swaarkry aan die kruis ligtelik opneem…


Net een het
teruggedraai…

# 2 TIMOTEUS 1:13-14

'Hou, as voorbeeld van die suiwer leer, vas aan dit wat jy van my gehoor het; doen dit in die geloof en liefde wat in Christus Jesus is. **Bewaar die kosbare pand** wat aan jou toevertrou is deur die Heilige Gees wat in ons woon. '

Lees 2 Timoteus 1:13-14.

Paulus herinner ons aan die opdrag om die evangelie te bewaar. Ons moet vorentoe beweeg deur aan die goeie vas te hou en die slegte te laat gaan.

*Hoe kan jy vorentoe beweeg na ‘n teleurstelling of teenkanting? Wat dink jy verwag Christus van ons in sulke tye?*


KEEP UP
THE GOOD
WORK

Daar gaan altyd swaarkry wees – selfs nog erder dinge as wat ons nou deurgaan.  Moenie vashaak by swaarkry nie… Moenie ophou om goed te doen nie…


**Verdra die ontberings as gevolg van… en ter wille van die evangelie… deur die krag van God**

***Lees 2 Timoteus 4:7-8.***



SWAARKRY LEI TOT...
. Afsondering
. Self-beheptheid
. Skaamte
. Woede
. Bitterheid

- Beweeg daardeur, moet dit nie ontken nie
- Kyk weg van jouself
- Moenie skaam wees, ophou nie
- Steun op ander






*Sometimes,*
*people don't notice the things*
*we do for them, until we stop*
*doing it.*




ON GOOD DAYS,
WORK OUT.
ON BAD DAYS,
WORK OUT
HARDER.



# GEBED

## FILIPPENSE 4:6



Dankie Here vir alles wat U vir ons doen wat ons nie altyd opreg waardeer en uitleef nie.

Here, ons bely dat ons soms net met ons lewe aangaan sonder om te stop, en uit dankbaarheid voor U te kniel.

Here, herinner my daaraan dat ek nie hier is om mense tevrede te stel of van mense se indrukke en waardering afhanklik is nie, maar dat ek hier is om die evangelie te verkondig

Gee my die krag om vas te byt in swaar en seer tye en nie op te gee op mense en my geloof in die goeie nie.

AMEN.